

## Die eerste vyf bakke van God se toorn (OP12)

### Openbaring 15:1-16:11

4 Oktober 2020

Tot dusver het ons na 4 onderdele van die boek Openbaring gekyk. Hulle is: die sewe briewe, die sewe seëls en die sewe trompette. Hierdie 3 maak die eerste hoofdeel van Openbaring uit. Die afgelope paar weke het ons na die vierde onderdeel gekyk, wat gehandel het oor die sewe visioene wat Johannes gesien het. Hierdie onderdeel het begin om aan ons insae te gee oor die redes agter die gebeure wat in die huidige bedeling plaasvind. Vandag begin ons met die vyfde onderdeel – dit is die deel wat handel oor die sewe bakke (NAV) of skale (OAV), dit is ook die sewe laaste plae.

Die vorige onderdeel wat oor die sewe visioene gehandel het, het afgesluit met 'n beskrywing van die finale oordeel in Op 14:14-20, asook die oorwinning van die gelowiges in Op 15:2-4. Dit is ook hoe die sewe seëls en die sewe trompette afgesluit het, en selfs in die sewe briewe was daar aan die einde van elke brief inligting oor wat die wat die oorwinning behaal, kan verwag. Elkeen van hierdie onderdele het dus die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms beskryf, maar wel uit verskillende hoeke. Ons kan iets soortgelyks verwag as ons na die sewe bakke kyk.

Vandag wil ek by die inleidende gedeelte oor die sewe bakke, sowel as die eerste vyf bakke stilstaan. Ek wil die volgende indeling gebruik:

- Die eerste 5 bakke
- Vergelyking tussen die bakke en die trompette
- Toepassings

#### Die eerste vyf bakke (Op 15:1 – 16:11)

In Op 15:1 lees ons dat Johannes 'n groot en wonderbaarlike teken in die hemel gesien het. Hierdie teken se inhoud was sewe engele en hulle gaan die sewe laaste plae bring. Dit herinner baie sterk aan wat ons in Op 8:2 en 6 gelees het – daar het sewe engele voor God gestaan en daar is aan hulle elkeen 'n trompet gegee, en hulle het hulle gereed gemaak om daarop te gaan blaas. Ons lees ook in vers 1 dat met hierdie sewe plae wat hierdie sewe engele gaan bring, het die toorn van God sy einde bereik (NAV), oftewel dit is voleindig (OAV). Ons het nogal heelwat van God se toorn geleer in die laaste paar gedeeltes wat ons oordink het: In Op 14:10 het ons gelees dat die wat die dier en sy beeld aanbid, sal moet drink van die wyn van God se toorn, en in Op 14:19-20 is die druiwe wat afgeoes is in die parskuip van God se toorn gegooi waar dit getrap is. Hierdie sewe laaste plae handel ook oor hierdie toorn van God, en ons kan dus verwag dat die plae ook gemik gaan wees op die mense wat die dier aanbid.

In verse 5-6 word dit vir ons duidelik waar hierdie engele vandaan kom. Die NAV sê hulle kom uit die tempel in die hemel, uit die woonplek van God af. Duidelik kom hierdie engele van God af, en wanneer ons die detail lees van die plae wat hulle bring, moet ons onthou dat God dit stuur – Hy is in beheer van hierdie plae, en hierdie plae kom na aanleiding van Sy besluit. Maar let ook op hoe die OAV hierdie tempel beskryf (in lyn met die letterlike oorspronklike): die tempel van die tent van die getuienis in die hemel. Natuurlik moet ons in hierdie hemelse tempel/tent 'n verwysing sien na die Ou Testamentiese tabernakel wat ook 'n tent was. Ons moet twee aspekte raaksien: In die eerste plek was die tabernakel God se woonplek onder die volk – dit is hoekom die NAV dit geïnterpreteer het as die “woonplek van God”. Maar tweedens moet ons raaksien dit word die “tent van die getuienis” genoem. Wat beteken dit? In Eks 25:21 lees ons spesifiek dat die getuienis binne in die verbondsark geplaas moes word, wat natuurlik op sy beurt in die Allerheiligste gestaan het. Wat is

die getuienis? Natuurlik die wet van God. Boonop lees ons in Lev 26:21 dat as die volk nie na God se wil luister nie (d.w.s. na Sy wet luister nie), sal God sewevoudig plaë op hulle lê (lees OAV). Nou lees ons van die sewe plaë hier in Op 15/16 – dit is juis God se toorn oor die mense wat nie volgens God se wil, Sy getuienis (d.w.s. Sy wet) lewe nie. Kan ek jou ook herinner dat ons met die oopmaak van die vyfde seël gelees het van die mense wie se siele onder die altaar geëindig het – hulle word daar beskryf as die wat aan die **getuienis** van Jesus vasgehou het (Op 6:9). Of kyk na Op 12:17 – die draak spits hom toe op die wat die gebooie van God onderhou en aan Jesus se **getuienis** vashou. Ons kan dus sê God gebruik Sy getuienis – die wet en Jesus se getuienis – as maatstaf om te oordeel.

Boonop dra hierdie engele blink klere en het 'n goue band om hulle bors. Dit herinner sterk aan die beskrywing van die Seun van die Mens in Op 1:13 – duidelik tree hulle op in ooreenstemming met die Seun van die Mens.

Volgens vers 7 ontvang hierdie sewe engele elkeen 'n goue bak gevul met die toorn van God van een van die vier lewende wesens. Die goue bakke moet ons laat terugdink aan Op 8:3-5. Hier het die gebede van die gelowiges saam met die wierook wat in 'n goue wierookbak geoffer is, opgestyg voor God. Dit het aanleiding gegee daartoe dat die engel die goue bak met vuur van die altaar gevul het en op die aarde uitgegooi het. Toe ons destyds na hierdie gedeelte gekyk het, het ons gesê die uitgooi van die goue bak met kole op die aarde het twee gevolge gehad: die finale oordeel (Op 8:5) en die blaas van die sewe trompette (Op 8:6 en verder). Ons het ook toe gesien die trompette was waarskuwings aan grootliks die ongelowiges – dus dieselfde mense wat nou deur die sewe plaë getref gaan word. Die trompette was waarskuwings dat hulle hulle tot God moet bekeer. Die inhoud van die trompette was verskillende plaë wat terug gegryp het na die 10 plaë. In Op 16:1 lees ons nou dat hierdie sewe engele ook hulle bakke op die aarde moet gaan gooi – soos die engel in Op 8. Daar is duidelik 'n konneksie tussen die sewe trompette en die sewe bakke wat ons verder oor sal moet dink.

In vers 8 lees ons dat die hemelse tempel gevul is met rook wat die heerlijkheid van God verteenwoordig, soveel so dat niemand in die tempel kon ingaan nie. Dit herinner aan Eks 40:34-35 waar die heerlijkheid van God die tabernakel gevul het, met die gevolg dat Moses nie kon ingaan nie. En ook aan 1 Kon 8:10-11 waar die heerlijkheid van God Salomo se tempel gevul het en die priesters nie kon ingaan om diens te doen nie. God se oordeel moet eers die mensdom suiwer sodat alleen die wat gehoorsaam is aan die getuienis in Sy tempel kan ingaan.

In Op 16:1 is daar 'n harde stem vanuit die hemel. Wel, siende dat niemand anders in die tempel kon ingaan nie, moet hierdie stem God of Jesus se stem wees – weereens bevestiging God is in beheer van wat hier gebeur. Die opdrag is duidelik: die sewe engele moet die sewe bakke gevul met God se troon op die aarde gaan gooi – soortgelyk aan die opdrag aan daardie engel in Op 8:3-5.

Volgens vers 2 het die eerste engel sy bak uitgegooi – op die land! Vergelyk dit nou met die blaas van die eerste trompet (Op 8:7) – hael en vuur is op die aarde gegooi. Die teiken is dieselfde: land versus aarde. Met die eerste bak is die gevolg dat die mense wat die merk van die dier het en sy beeld aanbid, getref word deur kwaadaardige en pynlike swere. Daarteenoor met die eerste trompet is die plantegroei vernietig. Albei se gevolge is lyding op aarde. Altwee gryp terug na een van die 10 plaë in Egipte: hael en swere. Maar let egter ook op, met die eerste trompet was die effek gedeeltelik: 'n derde van die aarde en die bome is verbrand. Met die eerste bak lyk dit of al die mense wat die dier aanbid met swere getref is.

Volgens vers 3 het die tweede engel sy bak uitgegooi op die see. Vergelyk dit met die tweede trompet. Hier word die see ook getref (Op 8:8-9). 'n Derde van die see het bloed geword, en 'n derde

van die seelewe het doodgegaan. Met die tweede bak het die see ook bloed geword – en al die seelewe het doodgegaan. Al twee, die tweede trompet en die tweede bak, gryp terug na die eerste plaag in Egipte – water wat in bloed verander. Die see was natuurlik 'n belangrike bron van handeldryf – en onthou hoe belangrik handeldryf juis was vir hierdie mense – net die mense wat die merk van die dier het kon koop en verkoop (Op 13:16-17).

Volgens vers 4 gooi die derde engel sy bak uit in die riviere en waterbronne, wat bloed word. Vergelyk dit met die derde trompet (Op 8:10-11): Weereens word die riviere en die waterbronne daar ook getref, daar word die water bitter, en mense sterf. Ons lees nie spesifiek wat die gevolg is van die derde bak nie – maar duidelik as vars waterbronne in bloed verander bring dit lyding voort a.g.v. gebrek aan water en kos, en dit kniehalter koop en verkoop van kos uit die riviere.

In verse 5-7 lees ons die reaksie van twee engele. Die eerste engel besing die feit dat God se oordele regverdig is. Immers, hierdie mense het die bloed van die gelowiges en die profete vergiet, en daarom is dit net regverdig dat God hulle nou bloed laat drink. Ons het dus 'n demonstrasie van die Ou Testamentiese beginsel dat die oordeel by die oortreding moet pas. Onthou, dit was ook onder andere die inhoud van die lied van die mense wat by die spieëlglatte see gestaan het in Op 15:3 – Reg en betroubaar is U optrede. Boonop beskryf hierdie engel God ook as die Heilige, soos ons gesien het daardie mense by die see gedoen het – God se regverdige oordeel stal juis Sy heiligheid uit. Hulle besing God ook as die Een wat is en wat was. In Op 1:4 word God beskryf as die Een wat is en wat was en wat kom. Hulle laat hier egter “wat kom” uit – want God is hier reeds besig met die laaste plaeg. Hy is hier besig as die Een wat oordeel. In vers 7 is daar nog 'n engel wat bevestig dat God se oordele betroubaar en reg is.

In verse 8-9 gooi die vierde engel sy bak uit op die son. As die vierde trompet geblaas word, word 'n derde van die son, maan en sterre donker. Weereens word dieselfde area geteiken. Met die vierde bak is die gevolg egter dat die mense deur die hitte van die son gebrand word. Vergelyk dit met wat ons in Op 7:16 gelees het van die groot menigte in die hemel – die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie. Duidelik is hier weer lyding vir die ongelowiges. Ons lees egter ook dat hierdie mense God gelaster het wat die mag oor hierdie plaeg het, en dat hulle hulle nie bekeer het nie en nie aan God die eer gegee het nie. Dit is skokkend: hulle weet waar die plaeg vandaan kom – dit kom van God af. Hulle erken dit – want hulle laster juis God. Hulle weet dat God geëer behoort te word, maar hulle weier – bewustelik. Dit herinner aan die Egiptenare – hulle het ook geweet die 10 plaeg kom van God af, maar hulle het geweier om God se wil te laat gebeur. Dit is dus geen wonder dat God regverdig optree as Hy hulle oordeel nie. Ons het 'n soortgelyke reaksie van gebrek aan bekering gesien met die sesde trompet in Op 9:20.

In verse 10-11 word die vyfde bak op die koninkryk van die dier gegooi, met die gevolg dat die koninkryk duister geword het. Die effek van hierdie duisternis is dat die mens van die koninkryk hulle tonge stukkend byt a.g.v. die pyn wat hulle verduur. Watter pyn? Die pyn van die swere word spesifiek genoem, maar dit sluit waarskynlik die pyn van al die vorige bakke in. Maar die eintlike donkerheid is dat hulle God steeds laster – al weet hulle die pyn kom van Hom af, en dat hulle hulle steeds nie bekeer nie. Vergelyk dit met wat gebeur het met die vyfde trompet (Op 9:1-12): daar is die onderaardse skag oopgemaak en rook en sprinkane het uitgekome wat die mense gepynig het – soveel so dat hulle wou doodgaan, maar hulle kon nie. Daar word ook gesê hulle het juis die engel van die onderaardse diepte as koning oor hulle – Abaddon of Apollion. Duidelik is die fokus hier weer op die koninkryk van die dier, soos met die vyfde bak.

Vergelyking tussen die bakke en die trompette

Ons sal volgende week na die laaste twee bakke kyk. Intussen, wat beteken hierdie bakke nou eintlik? En hoe verskil die bakke van die trompet? Om dit te probeer verstaan wil ek eers 'n aantal ooreenkomste, en daarna 'n aantal verskille, uitlig tussen die bakke en die trompet.

#### **Ooreenkomste:**

1. Beide die bakke en die trompet is gemik op die ongelowiges, die mense wat die merk van die dier dra en die dier aanbid. Ongelukkig lees ons in beide die trompet en die bakke dat hierdie mense hulle nie bekeer nie.
2. Dieselfde areas word telkens geteiken in die ooreenstemmende trompet en bakke: 1ste trompet/bak – land/aarde, 2de trompet/bak – see, 3de trompet/bak – water en rivierbronne, 4de trompet/bak – son (en maan en sterre), 5de trompet/bak – koninkryk van die dier, 6de trompet/bak – Eufraat, 7de trompet/bak – finale oordeel
3. Beide die 7de trompet en bak beskryf God se finale oordeel
4. Al die trompet en bakke beskryf 'n plaag, al verskil die detail van die inhoud. Die effek is fisiese lyding vir die mense, maar dit strek ook verder: dit het 'n effek op koop en verkoop, en het ook sielkundige/geestelike effekte op hulle gemoed – hulle wil bv doodgaan maar kan nie, hulle weet hulle moet God dien, maar hulle volhard egter daarin om Hom te laster.

#### **Verskille:**

1. Trompet is 'n instrument waarmee God waarsku. Daarteenoor is die bakke God se oordeel. Die trompet waarsku dat die mense hulle moet bekeer. Die bakke van God se toorn word uitgegiet as die mense nie ag slaan op die waarskuwing van die trompet nie.
2. Met die trompet word daar dikwels verwys dat net 'n derde van die aarde of die see getref word, terwyl daar geen so 'n aanduiding is in die bakke nie. Daar is dus 'n graad verskil tussen die twee. Die bakke is erger as die trompet.

Hoe moet ons dit alles verstaan? Kan ek 4 opmerkings maak:

1. Alhoewel hierdie bakke die sewe laaste plaë genoem word, beteken dit nie dat al sewe bakke die finale oordeel van God beskryf nie. Ons sal volgende week sien dat die sewende bak spesifiek die finale oordeel beskryf. Daarom kan die ander 6 bakke nie ook die finale oordeel beskryf nie. Hulle vind dus ook gedurende die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms plaas – soos die sewe seëls, die sewe trompette en die sewe visioene.
2. Omdat daar soveel ooreenkoms is tussen die trompette en die bakke, kan dieselfde of soortgelyke gebeure of 'n trompet van waarskuwing wees of 'n bak van oordeel. Vir die een persoon kan die gebeure nog 'n trompet wees, terwyl dit vir 'n ander persoon reeds deel van oordeel is.
3. God se oordeel oor 'n ongelowige kan finaal wees nog voor die finale oordeel, en selfs voor die persoon fisies sterf. Dink maar aan gedeeltes soos Mat 12:32 waar ons gewaarsku word dat sonde teen die Heilige Gees finaal is, of Rom 1:24 wat beskryf dat God mense oorgee aan die drange van hulle hart sodat hulle hulle liggame onteer, of 1 Joh 5:16 wat praat dat daar sonde is wat tot die dood lei, waar gelowiges nie eens moet bid vir die persoon wat dit pleeg nie. Hierdie persone beleef reeds God se laaste plaë in hierdie lewe. Hulle het doelbewustelik besluit om God nie te dien nie – gevolglik beleef hulle die pyn van God se oordele alreeds in hierdie lewe.
4. God se straf oor sulke mense is enersyds fisiese pyniging, en eventueel selfs fisiese dood. Maar dis ook baie meer. Daar is ook geestelike/sielkundige wroegings wat hiermee saamgaan – selfs in hierdie lewe reeds: Hulle wil doodgaan, maar kan nie. Hulle weet hulle beleef oordeel van God,

maar hulle bekeer hulle nie. Die plaë wat hulle tref is die laaste plaë – dit is nie meer waarskuwings nie, maar reeds straf.

Toepassings:

1. Baie van die trompette of bakke beskryf oënskynlik natuurrampe. Maar die doel is eintlik die effek wat dit op die mense het – hulle kan nie meer eet of drink nie, hulle kan nie meer koop en verkoop nie. Dit is nogal betekenisvol dat koop en verkoop juis die manier is wat die dier uit die aarde wil gebruik om eksklusief vir sy aanhangers af te sonder. Maar wanneer God oordeel, gebruik Hy dikwels juis dit, of Hy neem dit weg. Dink aan ons materialistiese tydsges: materiële besittings is wat baie mense jaag, maar dit is ook wat dikwels fisiese lyding tot gevolg het, dit is ook wat baie uitbrand, dit is ook wat baie eventueel besef is leeg – maar hulle kan nie ophou en hulle bekeer nie. Soms neem God dit heeltemal weg – en steeds bekeer hulle hulle nie.
2. Kan ek jou herinner aan die rol van gebed in al hierdie gebeure. In die oopmaak van die vyfde seël het ons gelees dat die afgestorwe gelowiges wie se siele onder die altaar is, vra hoe lank nog voor God gaan oordeel. In Op 8:3-5 het ons weer gesien dat dit onder andere die gebede van die gelowiges is wat nog in hierdie lewe is, wat aanleiding gee dat die trompette geblaas word, en by implikasie dat die bakke uitgegooi word. Verstaan jy hoe 'n groot rol jou gebede speel? Kan ek jou herinner aan hoe ons herhaaldelik onderstreep het toe ons na die Onse Vader gekyk het dat ons gebede juis moet soek na die uitwerk van God se raadsplan. Is dit wat in jou gedagtes lewe wanneer jy bid?